Liturgiese voorstelle met betrekking tot geslagsgebaseerde geweld

Gebed

Dit kan goed werk om verskillende mense te laat lees

Liturg: Ons bid vir die veiligheid van elke vrou en kind in ons land, dat hulle vry kan beweeg in hul huise en in die openbaar, sonder om bang te wees.

Stil gebed

Gemeente sing Lied 278 Hoor ons bid, o Heer (sonder amen)

Liturg: Ons bid vir alle gelowige mans, dat hulle Christus se omgee-liefde sal beliggaam; dat hulle nooit 'n hand teen enige vrou sal lig nie, maar vroue sal respekteer as mede-lede in Christus se liggaam.

Stil gebed

Gemeente sing Lied 278 Hoor ons bid, o Heer (sonder amen)

Liturg: Ons bid vir elke oorlewende van seksuele en huishoudelike geweld. Mag hulle genees word, fisies en emosioneel.

Stil gebed

Gemeente sing Lied 278 Hoor ons bid, o Heer (sonder amen)

Liturg: Ons bid vir die Kerk, dat ons die oorlewendes van seksuele geweld liefdevol sal versorg en saam met hulle sal staan teen alle magte wat hulle wil stilmaak of beskaam.

Stil gebed

Gemeente sing Lied 278 Hoor ons bid, o Heer (sonder amen)

Liturg: Ons bid vir die mans wat hierdie gruwelike misdade pleeg, dat God hulle sal vergewe, maar ook dat reg en geregtigheid sal geskied.

Stil gebed

Gemeente sing Lied 278 Hoor ons bid, o Heer (sonder amen)

Liturg: Ons bid vir die regering, dat hulle hierdie misdade sal sien vir die gruweldade wat dit is en dat hulle sal werk om 'n veilige, regverdige samelewing te vestig.

Stil gebed

Gemeente sing Lied 278 Hoor ons bid, o Heer (met amen)

Voorbiddingsgebed met kersritueel

(Pak 7 kerse uit. Om die Christuskers word hakiesdraad gedaai (geregtigheidskers) as teken van God se lig wat ook te midde van die seer skyn. Daar sou ook om al die kerse hakiesdraad gedraai kon wees)

Een: Ons steek hierdie **eerste kers** aan terwyl ons bid tot die God wat ons by die naam geroep het. Ons bevestig dat ons almal na God se beeld geskape is. Mag ons geloof ons inspireer en motivieer om reg en geregtigheid te soek vir dié wat onderdruk word.

Almal: Hoor ons bid, o Heer (x2) Verhoor tog ons gebed en gee ons vrede (Lied 278)

Een: Ons steek hierdie **tweede kers** aan vandag, terwyl ons treur oor die skrikwekkende mate van geweld teen vroue en kinders. Ons dink spesifiek in ons gebede aan vroue wat ly onder verskillende vorme van geweld en diskriminasie. Ons dink aan vroue wat verkrag en vermoor word, ons dink aan vroue wat deur hulle mans mishandel en vermoor word, ons dink aan vroue wat ontvoer word en as slawe verkoop word.

Almal: Hoor ons bid, o Heer (x2) Verhoor tog ons gebed en gee ons vrede (Lied 278)

Een: Ons steek hierdie **derde kers** aan terwyl ons dink aan strukturele geweld en die sisteme wat geweld ontlok, aanmoedig en in stand hou. Ons bely ons geskiedenis van geweld. Ons bely ons kulturele en godsdienstige gebruike wat geslagsongelykheid in stand hou. Ons wil vandag veral die euwel van patriargie, waar vroue gesien word as minder as mans, bely. Ons bely dat dit nie vroue of mans tot hulle reg laat kom nie. Ons bely dat ons interpretasie van die Bybel en ons teologië en verstaan van God, dikwels medepligtig is om patriargie in stand te hou en vroue te onderdruk.

Almal: Hoor ons bid, o Heer (x2) Verhoor tog ons gebed en gee ons vrede (Lied 278)

Een: Ons steek hierdie **vierde kers** aan terwyl ons dink aan vroue wat in moeilike omstandighede leef. Ons dink aan vroue wat in armoede leef, ons dink aan vroue wat hulle kinders alleen groot maak, want hulle eggenoot werk ver van die huis af, ons dink aan vroue wat hulle eggenoot aan MIV/Vigs afgestaan het en/of met MIV\Vigs moet leef, ons dink aan vroue wat meer as een werk moet doen om die pot aan die kook te hou, ons dink aan vroue wat hulle kinders groot maak sonder ondersteuning van die pa's, ons dink aan vroue wat teen die glasplafon baklei, ons dink aan vroue wat minder betaal word net oor hulle vroue is, ons dink aan vroue in vlugtelingkampe.

Almal: Hoor ons bid, o Heer (x2) Verhoor tog ons gebed en gee ons vrede (Lied 278)

Een: Ons steek hierdie **vyfde kers** aan terwyl ons bid vir vroue wat sukkel om hulle stem te vind, vir vroue wat nie weet hulle mag 'n stem hê nie. Ons bid dat vroue die innerlike krag sal vind om op te staan. Ons bid dat ons oor alle grense heen mekaar sal ondersteun en saam sal opstaan teen geweld. Ons bid vir vroue wat ook aandadig is aan geweld en wreedhede, wat bydrae daartoe dat die euwel van patriargie in stand gehou word, mag hulle oë oopgaan, hulle tot inkeer kom en vergifnis ontvang.

Almal: Hoor ons bid, o Heer (x2) Verhoor tog ons gebed en gee ons vrede (Lied 278)

Een: Ons steek hierdie **sesde kers** aan terwyl ons bid vir al die kinders: kinders wat onder te veel druk geplaas word, kinders wat die hoofde van huise moet wees, kinders wat nie toegang het tot onderwys nie, kinders wat honger is, kinders wat verwaarloos is, kinders wat mishandel word, kinders wat verkrag is, kinders wat vermoor word, kinders wat op vlug is, kinders wat van hulle ouers geskei is, kinders wat as soldate en prostitute verkoop word. U wat gesê het "laat die kindertjies na my toe kom", hoor die geroep van die kinders.

Almal: Hoor ons bid, o Heer (x2) Verhoor tog ons gebed en gee ons vrede (Lied 278)

Een: Ons steek hierdie **sewende kers** aan terwyl ons bid vir die mans in ons land. Ons bid vir rigting vir mans wat nie seker is wat hulle rol in die samelewing is nie. Ons bid vir mans wat gemarginaliseer word oordat hulle manier van manlikheid doen, nie inpas by die heersende prentjie nie. Ons bid vir mans wat magteloos voel vir wysheid en onderskeiding sodat hulle langs vroue kan kom staan in die protes teen geweld. Ons bid ook vir die mans wat die wreedhede pleeg, dat hulle tot inkeer sal kom, dat hulle vergifnis mag ontvang.

Almal: Hoor ons bid, o Heer (x2) Verhoor tog ons gebed en gee ons vrede (Lied 278)

Een: Terwyl ons dink aan al die moeilike omstandighede waarin baie mense leef en die uitdagings waarvoor ons land staan, bely ons ook ons eie aandeel en ons eie apatie. Help ons om te bly reageer op die uitdagings wat ons in ons wêreld sien. Help ons om nie apaties te staan nie, maar 'n verskil te maak. Mag u krag ons sterk maak en in staat stel om profeties te wees waar ons is.

Almal: Hoor ons bid, o Heer (x2) Verhoor tog ons gebed en gee ons vrede (Lied 278)

(Aangepas uit 2017 Women's day liturgy by the regional women's committee of the world, student Christian federation of Asia Pacific http://scmcanada.org/2017/03/2017-international-womens-day-liturgy/)

Responsoriese lament

Vroue: Lewegewende God, vandag dra ons swaar aan vrouwees.

Mans: Lewegewende God, as mans stel ons onsself oop om te luister na vroue.

Vroue: Die geweld in ons land laat ons onveilig, bang, en uitgelewer voel.

Mans: Here, hoor ons susters se seer.

Vroue: Die geweld in ons land maak ons kwaad.

Mans: Here, hoor ons susters se woede.

Vroue: Ons glo U is sterk - ons beleef egter 'n misbruik van mag en krag.
Ons glo U is liefde - maar ons lewe in vrees.
Ons glo U troos - maar terwyl geweld bly voortbloei vind ons geen troos ni.e

Mans: Here, hoor ons susters se klag.

Vroue: Here, ons is moeg om heeltyd oor ons skouers te loer en om vertel te word dat dinge nie veilig is nie.

Mans: Here hoor ons susters se frustrasie.

Vroue: Here, hierdie is my lyf, hoe kan enige iemand anders hulleself die reg daartoe eien?

Mans: Here hoor ons susters se aanklag.

Vroue: Ons bring voor U ons verwonde harte, ons moë lywe, ons onuitspreeklike woede.

Mans: Ons bring voor U ons verwarde harte, ons gebroke broers, ons stilswye.

Vroue: Genoeg, God. Genoeg.

Mans: Genoeg, God. Genoeg.

Vroue: Vandag gee ons ons hopeloosheid, woede en vrees aan U oor.

Saam: Christus, laat U genesing en genade deur U liggaam vloei.

<u>Klaagmuur</u>

(Mense kry geleentheid om klagte in stilte teen 'n klaagmuur te plak / in 'n klaagmuur in te druk. n Klaagmur kan gemaak word deur los bakstene te pak of deur 'n muur op karton te teken en op te plak).

In stilte kry mense kans om dit te lees.

Stem 1: My God, my God hoe lank gaan onreg nog heers, gaan onregtigheid nog die botoon voer?

Stem 2: Luister tog, Here, na ons regverdige saak, let op ons hulpgeroep. Hoor tog die gebed wat ons in alle opregtheid bid.

Stilte

Stem 1: Hoor ons Here, luister na ons!

Stem 2: Hoe lank nog Here, hoe lank nog?

Stilte

Lees uittreksel uit Belhar belydenis (artikel 4):

Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg; dat Hy aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee; dat Hy die gevangenes bevry en blindes laat sien; dat Hy dié wat bedruk is, ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper; dat dit vir Hóm reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek; dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek; dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom; dat die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan, naamlik teen die ongeregtigheid en by die veronregtes; dat die kerk as volgelinge van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel. Daarom verwerp ons enige ideologie wat vorme van veronregting legitimeer en enige leer wat nie bereid is om vanuit die evangelie so 'n ideologie te weerstaan nie.

Prayers of Thanksgiving and Intercession (CABSA)

Hidden and mysterious God,
we seek you in darkness and unknowing,
and you come to us with tender love.
Today we pray for:

- women who suffer because what should be uncovered is covered up
- women who have been humiliated, harassed and stigmatised and dare not tell
- women who have been beaten, tortured, threatened, and cannot tell.

Forgive us, and your church, our complicity in silence and concealment.
Lord, in your mercy, **hear our prayer.**

And we give thanks for the witness of women,
most of them unnamed and unsung,
who have refused to be shamed or silenced,
who have stood up and stood out for justice and truth.
Blessed are you, gracious God **who has created women in your image.**

.....

Beloved God,
in desire and intimacy you come to us
and know us as a lover.
Today we pray for:

- women whose bodies have been violated by rape and degradation
- women whose bodies are bought and sold as commodities
- women whose cultures reflect them as inferior, as stereotypes, as less valuable than men

Forgive us, and your church, our failure to proclaim the true personhood of all people,
regardless of race, gender or sexuality.
Lord in your mercy, **hear our prayer.**

And we give thanks,
for the persistence of those who struggle for equal rights for women,
for an end to sexual violence, trafficking and discrimination,
and for the power of human dignity.
Blessed are you, gracious God, **who has created women in your image.**

.....

God of power and presence,
midwife of our lives,
you encourage and calm us into creativity.
Today we pray for:

- women who must give birth in dangerous or squalid conditions
- women who are in anguish because they do not have the resources to care for their children adequately
- women whose livelihoods are threatened by climate change.

Forgive us, and your church, our failure to overcome poverty,
and to resist the assault on the poor
Lord in your mercy, **hear our prayer.**

And we give thanks,
for women across the world,
whose leadership, resilience and resourcefulness,
in raising families, resisting despair, embracing new livelihoods,
is transforming their communities to challenge poverty.

Blessed are you, gracious God, **who has created women in your image.**

.....

Wounded God,
you took defenceless flesh and died on a cross.
Today we pray for:

- women who are casualties of war and the arms trade
- women who mourn the violent deaths of loved ones
- women whose potential dies a little more every day.

Forgive us, and your church,
our failure to confront the forces of death.
Lord in your mercy, **hear our prayer.**

And we give thanks,
for women who have confronted warring powers, challenged violence,
and whose lives, directed by necessity, are moved by compassion.
Blessed are you, gracious God, **who has created women in your image,**
and in whose name we pray,
Amen.

(https://www.cabsa.org.za/book/export/html/3450)